**Huiswerkvel 5 (Hoofstuk 3)**

1. Redigeer ŉ vriendskaplike e-pos

Lees die onderstaande e-pos en korrigeer die foute tussen hakies. Skryf net die nommer en langsaan die antwoord neer.

| |
|---|
| Ontvanger e-posadres: *1. (tandekaATyoumail.co.za)* |
| Onderwerp: *2. (__________________________________)* |
| |
| *3. (Liefde)*Tandeka<br><br>*4. (Hoe gaan dit met jy?)* Ek het baie om vir jou te vertel. Ons het die naweek by Stella en Ziko, *5. (friende)* van my ouers, oorgebly. Hulle het ons baie bederf. My pa sê dat sy ŉ *6. (wonderlik)* gasvrou is. Ek dink gasvryheid is een van die belangrikste dinge in die lewe. Mense moet *7. (welcome)* voel by jou huis.<br><br>Ek het *8. (vorige)* jaar op netbaltoer by mense gebly wat baie ongasvry was. Ons het so onwelkom gevoel en wou net huis toe gaan. Jy moet iemand laat *9. (huis)* voel as hulle by jou kom kuier. Dit is ŉ kans om mekaar beter te leer *10. (weet).*<br><br>As ons *11. (gaaste)* kry, maak my altyd ŉ pot tee, haal beskuit uit en sit lekker musiek aan. As mense by ons kom braai, sal niemand honger huis toe gaan nie. Gasvryheid is ŉ manier om iemand anders te wys dat hy of sy belangrik en *12. (spesial)* is.<br><br>Jy moet volgende *13. (weekend)* by my kom oorslaap!<br><br>*14. (Beste)*<br>Celia |

(10)

Skryf ŉ vriendskaplike e-pos van ongeveer 120 tot 150 woorde oor een van die volgende onderwerpe:

1. Jou beste vriend trek na ŉ ander provinsie toe. Skryf ŉ e-pos waarin jy verduidelik hoe baie hy/sy vir jou beteken en hoekom jy hom/haar gaan mis.
2. Jy is ŉ uitruilstudent in Duitsland en stuur ŉ e-pos aan jou beste vriendin oor wat alles die afgelope paar weke gebeur het.
3. Jou skool het die jaarlikse interskole gewen. Stuur ŉ e-pos aan jou ouma en oupa waarin jy vir hulle van die hoogtepunte van die dag en jou sportwedstryd vertel.
4. Jy hou vakansie by familie op die platteland. Stuur ŉ e-pos aan een van jou vriende by die huis waarin jy hom/haar vertel van hoe anders dit as die stad is.
5. Jou nefie woon in Australië. Jy het ŉ opwindende kwartaal by die skool gehad. Skryf vir hom ŉ e-pos waarin jy hom van alles vertel.

(20)

Hierdie bladsy mag gekopieer word.